Eerste vertoning van Kaapse ontwerper

ERROL ARENDZ, 'n jong Kaapse ontwerper wat eergister sy debuut gemaak het by 'n modevertoning in 'n private huis in Contantia, het beslis iets om aan die vroue van Suid-Afrika te bied.

Die ontwerper is maar skuins oor die twintig, maar hy het in sy kort leeftyd werk en ondervinding ingepak wat die meeste ander heelwat langer sou kos.

Hy het grootgeword in 'n huis waar sy moeder 'n kleremaakster was, sy vader feitlik heeldag weg van die huis gewerk het, en sy ouer suster hom ook geen geselskap gebied het nie. Hy het dus sy ma begin help, sy eie sketse begin maak, self begin werk.

Ná sy skoolopleiding het hy 'n driejarige kursus aan die Ivor Kirsten-Skool vir Mode-Ontwerp in Johannesburg binne 'n jaar voltooi, teruggekom Kaap toe om twee maande in 'n fabriek te werk, en toe besluit hy wil op sy eie werk.

ERROL ARENDZ

Hy is na Europa, waar hy die salonne van Dior, Cardin en Balmain besoek het. Hy wou bly om te werk, maar 'n werkpermit was onbekombaar en hy is verder, na Brittanje. In Londen het hy 'n jaar gebly en onder andere saam met Zandra Rohdes gewerk. Weer kon hy nie 'n werkpermit kry nie, en hy het homself onderhou deur modelleerwerk te doen.

„Ek het baie makliker met die Britte klaargekom," vertel hy. „Die Franse ontwerpers is maar alte bewus van hul status in die modewêreld, en daarom koud en teruggetrokke. Die Britte is, in teenstelling met die algemene opvatting, baie warmer."

Hy is pas 'n jaar terug in Suid-Afrika, en vasbeslote om nog baie werk hier te doen.

„Ek glo die vroue is gereed om iets buitengewoons, iets uit 'n sprokieswêreld te aanvaar — en heelwat daarvoor te betaal. Met die wêreld in die toestand waarin dit tans is, het die mense iets nodig om hul aandag daarvan af te lei. Maar die Suid-Afrikaanse ontwerpers het dit nog nie eintlik vir hulle gegee nie — en dit is wat ek wil doen. Ek weet ek kan soveel doen vir die vrou — en ek is baie dankbaar vir my talent."

Eergister se versameling van sowat dertig uitrustings is tot op die laaste steek deur hom persoonlik gemaak — dit sluit fyn hekelwerk in waarmee sommige stukke versier is.

„Ryk mense het 'n standaard-antwoord op die vraag waar hul sukses vandaan kom: harde werk. Ek is nog nie ryk nie, maar ek het die afgelope paar weke uitgevind wat dit beteken om hard te werk!" lag hy effens.

Die dertig uitrustings is binne vier weke gemaak — wat hom tussen sestien en agttien uur per dag aan die gang gehou het.

Hy open een van die dae sy eie salon in die Buitengrachtsentrum in die Buitengracht, waar hy darem 'n naaister sal hê om te help. „Die vroue het geen geduld nie — as hulle iets bestel het, wil hulle dit dadelik hê, en ek kan nie alles self doen nie." — **R.W.**

SPIERWIT moeselien met handgeverfde ontwerpe in oranje-pienk. Die bostuk word ingeryg met 'n rek, en die romp bestaan uit twee bane, albei baie wyd en op die skuinste van die stof geknip.

EEN van die stowwe wat Errol Arendz die heel graagste gebruik: sagte sjiffon in ryk tropiese kleure. Dié voorbeeld is in skakeringe van blou met satynband om die halslyn.

VAL op val spierwit moeselien met bloedrooi satynlint en siersteke.

GOUE gewaterde tafsy en kant is gekombineer om dié rok te skep. Die onderstuk is 'n volle sirkel, so wyd dat die middel nog ingeryg is ook, en op elke puntjie van die kant is 'n klein pêrel. (Foto: Charl Best.)